BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 4/2019

22 Desember 2019

In hierdie Nuusbrief:

- **NUUT! BenguFarm MOBILE app vir iOS (Apple)**
- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die 19 Desember 2019 BenguFarm opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy geweet?**
- **Kantore gesluit**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

BenguFarm MOBILE iOS (Apple) app

BenguFarm-MOBILE vir die iOS bedryfstelsel, die lang verwagte Apple toepassing ("app"), is 4 Desember vrygestel. BenguFarm-MOBILE is 'n applikasie wat onafhanklik van BenguFarm op 'n slimfoon of tablet geïnstalleer word. Geen papiere of boeke is meer nodig wanneer jy data by die drukgang of in die veld aanteken nie – jy kan alles op die app aanteken en dit agterna sinchroniseer na BenguFarm op jou PC/skootrekenaar.

Vir meer inligting oor BenguFarm-MOBILE, antwoord op die epos waarmee hierdie nuusbrief gestuur is of kontak jou Bengufarm agent of gaan na www.bengufarm.co.za > Order.

Nuwe Opgradering

Ons is opgewonde oor die nuwe funksies en verslae wat onlangs ontwikkel is. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v19 Desember 2019) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en sodoende die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Indien jou BenguFarm-weergawe tans v16 Jul 2018 of later is** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf web en volg die instruksies.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is, kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuutste weergawe te installeer.**

Wat is nuut in die 19 Desember 2019 opgradering?

All modules:

- **BELANGRIK:** Verse en Koeie/Jong Ooie en Ooie vir Dragtigheidsondersoek aantekening lys: Opsie Vertoon Tydperk Sedert Dekking As Dae/Weke/Maande.
- **BELANGRIK:** Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering: Pas Volnommer Opstellings van Eerste Kudde op Alle Kuddes Toe.
- **BELANGRIK, spesifiek vir skaap- en bokboere:** Bereken Gemiddelde Moeder Speengewigverhoudings gebaseer op Individuele Diere (m.a.w. by meerlinge word die speengewigte nie bymekaar getel nie) opsie bygevoeg. Ons beveel aan dat hierdie opsie AF moet wees, m.a.w. by meerlinge word die speengewigte bymekaar getel om die verhouding te bereken. Om dit te kontroleer of verander, gaan na Opstellings > Kuddes > Prestasietoetsing > Bereken Gemiddelde Moeder Speengewigverhouding gebaseer op Individuele Diere. Let asseblief dat opsommende inligting herbereken moet word wanneer hierdie opstelling verander word.
- Hoofskerm > Kudde Uitleg:
    - Ras (Spesie vir GAME module), Geboortestatus (enkelling, tweeling, drieling), Grootmaakstatus (slegs SHEEP & GOATS module), % Kalwers/Lammers Gespeen, Laaste Kalf/Lam ID nommer, GDT- en VOV Indekse (slegs BEEF module) kolomme bygevoeg. Om hierdie kolomme by die verstek Kudde Uitleg te voeg, kliek op Vertoon Opsies, kies die betrokke velde en klik op Stoor Opsies as Kudde Verstek.
    - Om kolomme te vertoon vir Inentings, Doserings & Aanvullings, Eienskappe (bv. kondisiepunt, algemene voorkoms punt), Prosedures (bv. kastreer, onthoring) en/of addisionele Gewigte, kliek Vertoon Opsies > Stel My Kolomme Op om te Vertoon (ikoon heel bo).
    - Teller (links onder aan skerm) bygevoeg om aan te dui hoeveel diere gekies is (ook op sekere ander skerms waar diere gekies kan word).
- Bestaande Dekkings verslag:
    - Multi-bul dekkings: Opsie "Druk verskeie Bulle as Multi-Bul op Enkel Lyn" bygevoeg.
    - Opsie om te sorteer volgens Dektipe (Natuurlik, KI) bygevoeg.
- Dekkings en Dragtighede Verslag: Kies Diere en Koppel Diere aan 'n Groep funksie bygevoeg. Dit is handig om koeie/ooie aan bestuursgroepe te koppel, bv. Nie-dragtig, Dragtig met eenling, Dragtig met tweeling, ens.
- Tru-Test XR5000 Integrasie skerm > Trek Skaaldata In:
    - Kan nou ook sessie met ander groepe vergelyk (addisioneel tot kampe).
    - Opsie byvoeg om diere in 'n spesifike sessie as Gesien te stoor.
- RFID Experts APR500 EID Reader skerm:
    - Verander Take > Kalwing/Lamming: Kalf/Lam Status by geboorte (lewendig/aborsie/ doodgebore/dood na geboorte) bygevoeg by taak 8014.
    - Verander Take > Dekkings: Taak 8030 bygevoeg. Hierdie taak maak voorsiening dat die bul/ram se EID geskandeer kan word in plaas van om die bul/ram te kies vanaf teel/ram lys op APR500.
    - Opsie om Diere Gesien te kan stoor op BenguFarm vanaf ander taak, bv. as Inentings aanteken ook Diere Gesien kan stoor vir dieselfde diere.
    - Kalwings/Lammings intrek van APR500: Weegdatums vir prestasietoetsing word outomaties bereken.
- Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings skerm:
    - Indien voorraad opgestel en besending no ingevul is, word koste outomaties bereken.
    - Opsie Bereken Dosis Gebaseer op Laaste Gewig van Dier bygevoeg.
- My Verslae > Verslag Kolomme (Uitleg): Laaste Prosedure afdeling bygevoeg.
- ZooOmics DNA Dienste aanvraagvorm bygevoeg en Clinomics verwyder.
- Spoedverbetering met Herbereken Opsommende Data asook Logix Hoofdata Lêer intrek.
- Bestaande Dekkings verslag: Opsie om te sorteer volgens Dektipe (Natuurlik, KI) bygevoeg
- Koppel Diere aan 'n Groep funksie bygevoeg op die Dragtigheidsondersoeke, Gewigte vir Prestasietoetsing en Woldata vir Prestasietoetsing skerms.

- Verse en Koeie Gekalf / Nog nie Gekalf // Jong Ooie en Ooie Gelam/ Nog nie Gelam verslag: Opsie bygevoeg om kalwers met spesifieke geboortestatus (bv. aborsies) te lys.
- Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm: Herbereken Inkomste per Dier funksie bygevoeg. Dit moet gebruik word wanneer die Inkomste per kg en/of die Diere Gewig en/of die Karkas Gewig verander is.
- Inteel Berekenng vir Beplande Parings skerm: Funksie bygevoeg om 'n bul(le)/ram(me) en koeie/ooie te kies en dekkings aan te teken vir daardie kombinasies direk vanaf hierdie skerm. Indien 'n vroulike dier(e) gekies word by meer as een bul, sal 'n waarskuwing vertoon word dat die betrokke dekking(s) as 'n multibul/ram dekking gestoor sal word.
- Dekbare Verse en Koeie verslag: By die Algemene Seleksie Kriteria is 'n opsie "Sluit Dragtige Diere in wat gaan Kalf in volgende … # dae" bygevoeg. Met hierdie opsie gekies, kan dragtige diere wat nog nie gekalf/lam het nie maar binnekort na kalwing/lamming weer gedek moet word, ook ingesluit word in die verslag.
- Algemene Kudde Uitgawes skerm: Voorsiening is gemaak om algemene inkomste (bv. wolverkope) op hierdie skerm aan te teken. Die skerm se naam is verander na Algemene Kudde Inkomste en Uitgawes. Soortgelyk is die Algemene Kudde Uitgawes verslag se naam ook verander na Algemene Kudde Inkomste en Uitgawes.

BEEF Module:

- **BELANGRIK vir stoettelers:** Genomiese toetse se resultate kan nou in BenguFarm aangeteken word [Diere > Genomiese Resultate]. Dit kan ook opgekyk word op die hoofskerm [Dier Uitleg > Genomiese Resultate]. Om hierdie opkykskerm te vertoon, gaan na Vertoon > Kies Hoofskerm Dier Uitleg Opkykskerms > Genomiese Resultate.
- Gewigte en Eienskappe nie gekoppel aan 'n Toets nie > Eienskappe > Kondisiepunt: Kan nou punte met 0.5 intervalle aanteken (bv. 0.5; 1.0; 1.5; 2.0; 2.5; 3.0; …).

SHEEP & GOATS Module:

- **BELANGRIK vir stoettelers:** Voorsiening is gemaak vir addisionele teelwaardes wat deur SA Stamboek voorsien word. Die nuwe teelwaardes kan op die dier en kuddeuitleg op die hoofskerm opgekyk word asook op My Verslae: Dierdata.
- Dekkings en Dragtighede Verslag: Opsomming bygevoeg vir Persentasie Ooie dragtig met 'n Enkeling, Tweeling en Drieling.
- **Döhne ras:**
    - Prestasietoesresultate verslag: Graad bygevoeg.
    - Hoofskerm > Dier Uitleg > Nageslag > W2 Gewig: Kolomme bygevoeg vir Graad (W2) en Graad (Wol 1).
    - Hoofskerm > Kudde Uitleg: Afdeling Wol 1 bygevoeg met Graad as kolom.
    - My Verslae > Speen (W2) Gewig: Kolom vir Graad bygevoeg.
    - Dieropsomming verslag > Nageslag: Kies eie uitleg om Graad te vertoon.
    - Genootskap-spesifieke formaat vir stuur van Dekkings bygevoeg [Data Stuur > Dekkings > Döhne Merino formaat sal outomaties gekies wees].
- Oop Lêerformaat (CSV) data intrek skerm: Gevorderde Opsies bygevoeg vir gebruik, wanneer van toepassing, met intrek van woldata.
- Wit Dorper ras bygevoeg.

GAME Module:

- MolzooLab (Universiteit van Johannesburg) se DNA Diensaanvraagvorm opgedateer.
- RAU Kwagga Zebra spesie bygevoeg.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir algemene bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon:

BEEF module:

- Inleidende kursus 26-27 November 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 11-12 Februarie 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 13-14 Februarie 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 3-4 Maart 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 5-6 Maart 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 21-22 Januarie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 23-24 Januarie 2020, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 4-5 Februarie 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 6-7 Februarie 2020, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Besig met beplanning van kursusse vir 2020 – datums sal later bekend gemaak word.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na leslie.bergh@vodamail.co.za en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

Die BenguFarm hoofskerm het twee opsies, naamlik die Kudde Uitleg en die Dier Uitleg. Om te wissel tussen die twee opsies, kliek aan die linkerkant van die skerm op Kudde Uitleg of Dier Uitleg.

Die Kudde Uitleg is 'n BAIE gewilde nuwe opsie, nie alleen om belangrike data van 'n groep diere in tabel formaat op te kyk nie, maar talle ander baie handige funksies.

- **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op Verfris Skerm.
- **Om data in kolomme volledig te vertoon**, kliek op Outo Wydte.
- **Om te kies watter data vertoon moet word**, kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kies die betrokke afdelings of velde.
    - **Om sekere data van diere te belig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae), kliek op die Stel Kuddeuitleg Verligting Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure). Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
    - **Om kolomme te vertoon vir Inentings, Doserings & Aanvullings, Eienskappe** (bv. kondisiepunt, algemene voorkoms punt), **Prosedures** (bv. kastreer, onthoring) **en/of addisionele Gewigte**, kliek op die Stel My Kolomme Op om te Vertoon (ikoon heel bo).
    - **Om die keuse van kolomme en verligting te stoor as die verstek opsies vir die betrokke kudde**, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek onder die hofie Stoor/Laai Uitleg. Die gestoorde opsies sal outomaties gelaai word wanneer die kudde die volgende keer oopgemaak word.

    - **Om 'n uitleg te stoor vir hergebruik**, gee dit 'n naam by Stoor Uitleg As onder die hofie Stoor/Laai Uitleg en kliek op die Stoor ikoon.
    - **Om 'n gestoorde uitleg te laai**, kies by Laai Gestoorde Uitleg die betrokke uitleg en kliek op die Laai ikoon.
    - **Let wel:** Bestuursgroepe kolom: Indien 'n dier aan meer as een bestuursgroep gekoppel is, sal slegs een van die betrokke groepe vertoon word.
- **Om 'n verslag te skep van die data wat op Kudde Uitleg vertoon word**, kliek op Vertoon Verslag. **Let wel:** Alle kolomme en alle diere wat vertoon word, sal ingesluit word in die verslag. Om slegs sekere kolomme in te sluit in die verslag, kliek op Vertoon Opsies en kies slegs die benodigde kolomme. Om slegs sekere diere in te sluit in die verslag, kies die betrokke diere deur middel van die filters bo-aan die skerm.
- **Om 'n spesieke dier (of moeder of vader) se data in die Dier Uitleg hoofskerm uitleg te sien**, kliek op die betrokke dier se ID nommer. Om terug te gaan na die betrokke dier in die Kudde Uitleg, kliek op die Kudde Uitleg skakel.
- **Om rekords te groepeer**, kliek op die kolomopskrif en hou die muisknoppie in. Beweeg nou met die muis na die oop gedeelte aan die bokant van die verslag waar daar staan "Trek 'n kolomopskrif hiernatoe om volgens daardie kolom te sorteer" en los die muisknoppie. Die kolomnaam sal nou in hierdie oop gedeelte vertoon word. Om die groepering te verwyder, regs kliek op die kolomopskrif en kies "UnGroup".
- **Om rekords te sorteer**, kliek op die betrokke kolom se opskrif. Om in die omgekeerde volgorde te sorteer, kliek 'n tweede keer op die betrokke kolom se opskrif. Om volgens verskeie kolomme gelyktydig te sorteer, hou die SHIFT sleutel op die sleutelbord in en kliek op die betrokke kolomopskrifte.
- **Om rekords te filter**, kliek aan die regterkant van 'n kolomopskrif op die filter knoppie. 'n Lys met al die waardes wat in daardie kolom voorkom sal vertoon word. Om slegs rekords te vertoon wat 'n spesifieke waarde het, kliek op daardie waarde. Daar kan ook op "(Custom)" gekliek word. 'n Skerm sal oopmaak waar byvoorbeeld gekies kan word om om alle rekords te vertoon met 'n waarde groter as 'n sekere waarde. Let op dat meer as een kolom op 'n slag gefilter kan word. Om 'n spesifieke kolom se filter af te haal, kliek op "(All)" by die filter opsies van die betrokke kolom.
- **Om sekere data** (bv. Natuurlike Dekkings, Kunsmatige Inseminasies, Verander Diere (Tabel Uitleg) of Verkope, Vrektes en Uitskotte) **aan te teken vir 'n groep diere**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kies die betrokke aantekenskerm uit die menu aan die bokant van die skerm of kliek die ooreenstemmende ikoon.
- **Om diere te koppel aan 'n groep**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Koppel Diere aan Groep.
- **Om diere in die My Verslae skerm te vertoon**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Vertoon in My Verslae.
- **Om die data te kopieër na jou "Clipboard"**, kliek op Kopieër na Clipboard.
- Vir stap-vir-stap hulp, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Kudde Uitleg.

Wenk: Om die Kudde Uitleg (in plaas van die Dier Uitleg), **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek die Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg opsie.

Kantore gesluit

Let asseblief op dat die meeste van ons personeel met verlof is vanaf 16 Desember tot 1 Januarie. Indien jy gedurende hierdie tydperk hulp benodig en jou eie agent nie beskikbaar is nie, probeer enige van die ander agente. Besoek www.bengufarm.co.za > Contact vir 'n lys van agente.

Ons wil graag al ons kliënte hartlik bedank vir jul ondersteuning gedurende 2019. Dit was 'n plesier om julle tot diens te wees.

Vir die van julle wat gelukkig is om op vakansie te gaan gedurende Desember: Mag julle 'n veilige reis en 'n heerlike rustyd saam met julle gesinne hê. Mag ons almal hierdie Kerstyd opnuut bewus wees van Jesus se liefde vir ons en waaroor Kersfees eintlik gaan. Mag 2020 vir jou en jou geliefdes 'n besonderse jaar wees gevul met vrede, vreugde, hoop, blymoedigheid en bowenal liefde.

oooOOOooo